

murmuringe van die kinders van Yiesraël gehoor; praat met hulle en sê: Tussen die aande<sup>1</sup> sal julle vleis eet en in die môre met brood versadig word; en julle sal weet dat Ek Yahweh julle Elohiem is. 13 En in die aand het daar kwartels opgekóm en die kamp oordek. En in die môre was daar 'n doulaag rondom die kamp. 14 En die doulaag het opgetrek, en kyk, daar het oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond. 15 Toe die kinders van Yiesraël dit sien, sê hulle vir mekaar: Wat is dit? Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Daarna sê Mosheh vir hulle: Dit is die brood wat Yahweh julle gee om te eet. 16 Dit is die saak wat Yahweh beveel het: Samel daarvan in, elkeen na sy behoefte: 'n omer<sup>2</sup> vir elke persoon ooreenkomstig julle sieletal; elkeen moet dit neem vir die wat in sy tent is. 17 En die kinders van Yiesraël het so gedoen: hulle het ingesamel, die een baie en die ander min. 18 Maar toe hulle dit met die omer meet, het hy wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie; en hy wat min ingesamel het, nie te min nie. Elkeen na sy behoefte het hulle ingesamel. 19 En Mosheh het vir hulle gesê: Niemand moet daarvan laat oorbly tot môre toe nie. 20 Maar hulle het nie na Mosheh geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die môre toe. Toe kom daar wurms in en dit bederwe. Daarom het Mosheh baie kwaad geword vir hulle. 21 En hulle het dit môre vir môre ingesamel, elkeen na sy behoefte; en as die son warm word, smelt dit weg. 22 En op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie brood ingesamel, twee gomers vir elkeen. En al die owerstes van die vergadering het gekóm en dit aan Mosheh vertel. 23 Toe sê hy vir hulle: Dit is wat Yahweh gesê het: Môre is dit rusdag, 'n afgesonderde Shabbat van Yahweh. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe. 24 En hulle het dit gebêre tot die môre toe, soos Mosheh beveel het; en dit het

nie bederwe nie, en daar het geen wurms in gekóm nie. 25 Toe sê Mosheh: Eet dit vandag, want dit is vandag die Shabbat van Yahweh. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. 26 Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit Shabbat; dan sal dit daar nie wees nie. 27 En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie. 28 Toe sê Yahweh vir Mosheh: Hoe lank weier julle om my gebooie en my leringe<sup>3</sup> te onderhou? 29 Kyk, omdat Yahweh julle die Shabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie. 30 So het die volk dan op die sewende dag gerus. 31 En die huis van Yiesraël het dit MAN genoem. En dit was wit soos koljandersaad, en dit het gesmaak soos heuningkoek. 32 Verder het Mosheh gesê: Dit is die saak wat Yahweh beveel het: 'n omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte, dat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die woestyn laat eet het, toe Ek julle uit Mietsrayiem uitgelei het. 33 Mosheh sê toe vir Aharon: Neem 'n kruik en gooi 'n omer vol manna daarin, en sit dit voor die aangesig van Yahweh neer, om dit vir julle geslagte te bewaar. 34 Soos Yahweh Mosheh beveel het, so het Aharon dit voor die Getuïenis<sup>4</sup> neergesit om bewaar te word. 35 En die kinders van Yiesraël het die manna veertig jaar lank geëet totdat hulle in 'n bewoonde land gekóm het. Die manna het hulle geëet totdat hulle by die grens van die land Kenaán gekóm het. 36 En 'n omer is die tiende van 'n efah<sup>5</sup>.

**Shemot / Eksodus 17:1** Daarna het die hele vergadering van die kinders van Yiesraël, ooreenkomstig die bevel van Yahweh, van plek tot plek uit die woestyn Sien getrek en kamp opgeslaan in Rafidiem. En daar was geen water vir die volk om te drink nie. 2 Toe twis die volk met Mosheh en sê: Gee julle vir ons water om te drink.

<sup>1</sup> 16:12 Oftewel: tussen die oomblik wanneer dit begin donker word en die oomblik van volkome donkerte.

<sup>2</sup> 16:16 'n "Omer" is 'n droeë maat, ongeveer 2.2 liter, gelykstaande aan een tiende van 'n efah en een honderdste van 'n gomer.

<sup>3</sup> 16:28 Letterlik: Torah (meervoudsvorm).

<sup>4</sup> 16:34 Verwys (voortuit) na die ark van die verbond wat kort hierna 'n realiteit sou word.

<sup>5</sup> 16:36 'n "Efah" is ongeveer 22 liter en bestaan uit 10 "omers".